


Die Barber- en Moussorgsky-werke is keurig verwerk en uitgevoer. In die aria uit Bach se Matthäus-Passie, waar die orkesbegeleiding vir orrel getranskribeer is, word die luisteraar meegevoer deur die pragtige sang en weldeurdagte vertolking van Esté Meerkotter (alt). Haar stem is uitgeknipt vir die meer intieme nuanses van oratoriumsang. 'n Eie komposisie, gebaseer op *Herzlich tut mich verlangen*, onder die titel 'Besinning / Contemplation' is ook ingesluit. Die program word sprankelend afgesluit met Dubois se *Fiat Lux*.

Die meegaande CD-pamflet bevat 'n uitgebreide en indrukwekkende CV van die orrelis, asook 'n kort geskiedenis oor hoe die Rieger-orrel bekom is. Die dispoisie van hierdie meganiese tweemanuaalorrel, 'n prag-instrument, is ook ingesluit. Dit sou gaaf gewees het as inligting oor die ander twee orrels in hierdie opname ook beskikbaar was. Op die voorkant van die omslag verskyn daar 'n fragment van die frontype van die Rieger, en Greyling se naam en van in groot wit letters. Op die agterkant van die pamflet is daar 'n sfeerryke foto van die kunstenaar. Helaas sien die omslag egter heelwat somber daar uit. Geen programtoeligting word verskaf nie en dit bly dus geslote vir die musiek liefhebber wat meer sou wou weet. Die klein lettertipe, wit op 'n donker agtergrond, bemoeilik die leesproses.

Die algehele indruk wat 'n mens egter kry, is dié van uitstaande spel op instrumente wat getuig van hoogstaande vakmanskap – dus, 'n gelukkige kombinasie. Afgesien van enkele voorbehoude, is hierdie 'n baie goeie toetrede tot die CD-mark. 'n Mens sien met verwagting uit na nog vrystellings deur hierdie jong kunstenaar.

Die CD kan direk bestel word by greylingconcerts@gmail.com. Die prys is R150 (verpakking en versending ingeslote).

GARA GARAYEV • TRANSCRIPTIONS FOR ORGAN



G. Garayev: 24 Piano Preludes (1951-1963), *Tsarskoye Selo Statue* (1937); *Don Quixote – Symphonic Gravures: Pavane, Aldonza, Journey* (1960); *Funeral Ode for Symphonic Orchestra* (1968); *The Path of Thunder: Dance of the Passionate Girl, Lullaby* (1958); *Seven Beauties: Waltz* (1952)

Jamila Javadova-Spitzberg (orrel)

DMP RECORDS (CD 70:08)

Engelse kommentaar ingesluit

Opname: Grote of Sint-Laurenskerk, Rotterdam, Nederland

Vrygestel: 2017

Wat 'n aangename verrassing was hierdie CD nie. Dit kan beskryf word as 'n bekendstelling van 'n gevierde Azebaiani komponis wat sy skoling in die destydse USSR gehad het, binne daardie sosiale en politiek-voorskriftelike opset moes ontwikkel, en desnieteenstaande steeds 'n sterk individualiteit behou het.

Gara Garayev (1918-1982) wie se geboortejaar 'n 100 jaar gelede waarskynlik in 2018 herdenk sal word, was een van die prominentste komponiste uit die USSR-streek wat vandag die onafhanklike republiek van Azerbaïjan vorm. Sy musiekstudies wat in sy hartland begin het en later voortgesit is in Moskou, het hom uiteindelik in kontak gebring met vooraanstaande Russiese komponiste soos Shostakovich, by wie hy studeer het. Daar het uiteindelik 'n hegte vriendskap, gebaseer op wedersydse respek en mentorskap, ontwikkel. Shostakovich het hom polities in 'n baie spanningsvolle situasie bevind waar die kommunistiese regering hom dikwels verguis het, om dan net weer later eer aan hom te betoon. 'n Mens wonder in hoe 'n mate Garayev deur hierdie situasie geraak is, synde dat sy vriendskap met Shostakovich welbekend was. Desnieteenstaande die politieke spanning van destyds en die voorskriftelikheid van die Nasionale Musiekkomitee, wat 'n verlengstuk van die Kremlin was, het Garayev steeds 'n sterk individuele komposisiestyl ontwikkel.

Sy komposisies sluit verskeie genres in, soos balletmusiek, orkeswerke, concerti en musiek vir solo-instrumente. Hoewel Garayev twee kort orrelinvoegsels vir sy insidentele filmmusiek tot *The Conqueror of the Sea* en *Goya* gekomponeer het, bestaan daar geen ander solo-orrelstukke deur hom nie. Prof. Tahira Yagubova van die Musiekkadademie in Baku, hoofstad van Azerbaïjan, het potensiaal gesien in die Garayef-komposisies en toe 'n versameling transkripsies uit sy mees verteenwoordigende klavier-, orkes- en balletmusiek gedoen en saamgestel.

Die eerste bydrae tot hierdie CD-vrystelling kom uit die *24 Piano Preludes*, waarvan vyftien preludes getranskribeer is vir orrel. Eksotiese harmonieë, uiteenlopende ritmes en die aanwending van tradisionele kontrapunt ondersteun 'n wye verskeidenheid klankbeelde. Die invloed van Garayev se etniese musikale erfenis op die melodiese, harmoniese en ritmiese boustene van sy musiek, is nie ver van die oppervlak nie.

Ander indrukwekkende aanbiedings is die transkripsies van drie stadige bewegings, almal kort in tydsduur, uit die *Don Quixote Symphonic Gravures* (1960), asook uittreksels uit twee ballette naamlik *Seven Beauties* (1952) en *The Path of Thunder* (1957) – laasgenoemde gebaseer op 'n verhaal van verbode liefde binne die ou apartheidsbedeling deur die Suid-Afrikaanse skrywer Peter Abrahams. Die Wals uit *Seven Beauties* is 'n indrukwekkende afsluiting van hierdie baie interessante CD-vrystelling.

Die instrument waarop die program uitgevoer word, is die majestueuse Marcussen-orrel wat in 1973 in die Rotterdamse Laurenskerk geïnstalleer is. Die ruim akoestiek van die kerk en die byna onuitputlike klankkleure wat die instrument kan produseer, dra by tot die sukses van hierdie uitreiking. Javadova-Spitzberg gaan verbeeldingryk om met die klankpalet tot haar beskikking.

Die CD-omslag en meegaande inligtingsboekie verskaf interessante gegewens oor die komponis, 'n kort verduideliking waarom die transkripsies gedoen is, programnotas en twee CV's – een oor Tahira Yagubova, wat die transkripsies gedoen het, en die ander oor die uitvoerende kunstenaar, Jamila Javadova-Spitzberg, oorspronklik van Azerbaïjan, maar tans woonagtig in die VSA. 'n Kort, maar baie

interessante essay oor Azerbaijani-orrelmusiek, word ook ingesluit.

Swart-en-wit foto's toon die komponis alleen, maar ook in die geselskap van groot persoonlikhede uit die Russiese musiekwêreld. Daar is ook foto's van 'n toneel uit die ballet *Seven Beauties*, en twee foto's van die orrelis, onder andere een met die orrel van die St. Laurenskerk van Rotterdam op die agtergrond.

Jamila Javadova-Spitzberg het met hierdie waardevolle klankdokument van 'n onbekende komponis se komposisies (vir die Westerse musiek liefhebber, bygesê) 'n produk gelewer wat van begin tot einde pure luistergenot verskaf. Die musiek is melodieus, met neo-Romantiese ondertone, en daag die luisteraar soms uit met kontrapunt, 12-toonskakerings, jazz en eksotiese ritmes – kortom: 'n verskeidenheid style en tegnieke ter bevestiging van die vaardigheid en grondige opleiding van Garayev as musikus, komponis en musikoloog.

Die CD kan bestel word deur in te skakel by die webwerf www.jjavadovaspitzberg.com en daarvandaan die bestelling en betaling te doen volgens die PayPal-sisteem, of om 'n e-pos te stuur na die kontakadres wat op die webwerf verskaf word.

OCKIE VERMEULEN • ORGANIC

D. Foster: *St. Elmo's Fire*; **C.P.E. Bach:** *Solfeggio*; **G.F. Handel:** *Zadok's Hallelujah*; **Vivaldi-Bach:** *Concerto in A [sic]*; **Trad./D. Foster:** *Carol of the Bells*; **B. Anderson, B. Ulvaeus, J.S. Bach:** *Bach & Money*; **F. Mercury:** *Bohemian Rhapsody*; **C. Steyn:** *Vendetta*; **P. Cincotti:** *Make it out alive*; **K. Reid, G. Brooker, M. Fisher:** *Whiter Shade of Pale*; **A. Vivaldi:** *Winter*; **J. Tempest:** *The Final Countdown*.



Ockie Vermeulen (orrel) met die medewerking van verskeie instrumentaliste: Lizelle le Roux, Evert van Niekerk, Jacques Fourie (viole); Susan Mouton, Laurie Howe (tjello's); Juan Oosthuizen (kitaar); Denny Lalouette (baskitaar); Vinnie Henrico (tromme)

AFV 1946 (CD 43:14)

Afrikaanse kommentaar ingesluit

Opname: Rieger-orrel in die ZK Matthews-saal, Unisa, Pretoria (2017)

Die Gautengse orrelis en musikus, Ockie Vermeulen, het bekendheid verwerf weens vele konserte en solo-uitvoerings, maar ook deur sy bydrae tot die *cross-over* genre met sy vorige CD-vrystellings, naamlik *Highland Cathedral*, *Arena* en *Obsession*.

Vermeulen kom weer na vore met 'n heerlike verskeidenheid van ouer treffers en klassieke werke in 'n nuwe baadjie. Die verwerkings, almal deur Vermeulen, behalwe in twee gevalle waar Charl du